Terwyl Clint Eastwood en sy A-span nou hier miljoene in die ekonomie ploeg, poer die plaaslike rolprentbedryf nog. Kaapstad se nuwe spogrolprentateljees sal egter ook ons flieks spierkrag gee, berig **Sonnette Lombaard**

'n Kunstenaarsvoorstelling van die reuseflickateljees wat tans by Faure buite Kaapstad verrys. Dit sal vanaf 2010 regdeur die jaar 'n ultamoderne mekka vir internasionale rolprentspanne wees.

Kaapwood op pad

Jy moet deesdae koes in Kaapstad vir die baie Hollywood A-listers en rolprentmakers wat hulle flieks hier maak en so welkome miljoene in ons ekonomie inpomp.

Boonop sal blockbusters met superstere in die trant van *Pirates of the Caribbean* ook vanaf 2010 hier geskiet word.

Want hierdie tyd volgende jaar sal die Cape Town Film Studios (CTFS), 'n mega-projek teen R500 miljoen wat 8 000 werksgeleenthede sal skep, gereed wees vir die internasionale vermaakbedryf.

Suid-Afrika se Hollywood-ateljees verrys tans sowat 20 km oos van Kaapstad op 100 hektaar ongebruikte landbougrond en sal benewens ultramoderne klankateljees, 'n mengsel verwante bedrywe huisves as 'n voorste digitale mediakompleks.

Die CTFS gaan superster*re* as ambassadeurs inspan en Suid-Afrikaners deur die beste tegnici daar oplei vir nuwe hoogtes in Afrika-rolprentkuns. As enig in sy soort op die vasteland, sal dit bydra tot die oplewing van die Afrikakultuur, glo Nico Dekker, uitvoerende hoof van die CTFS.

En met die buitelanders wat die geldkoffers laat bult, stoot die Kaapstadse metroraad en provinsiale wetgewer elk R30 miljoen in die reuseprojek.

Tydig, want van die lokettreffers wat ons natuurskoon, gunstige klimaat en infrastruktuur gebruik het, is *Blood Diamond* (Leonardo DiCaprio) *Lord of War* (Nicolas Cage), *Flashbacks of a Fool* (007

MEKKA: *Gaan talle fliekmakers lok*

Superster Matt Damon skiet tans 'n fliek in die Moederstad.

Daniel Craig), *10 000 BC* en Kiefer Sutherland se fliek *24: Redemption*, gegrond op die TV-reeks.

As gevorderde mediamekka sal dit produksies 365 dae kan huisves en met 3D-, CGI- en hologramtegnologie spog.

Ondanks dié aanloklike vooruitsig, suig die plaaslike rolprentbedryf steeds aan die agterste speen, sê kenners.

Die CTFS is juis 'n simboliese sleutel om Suid-Afrika vir die vasteland en internasionale bedryf oop te sluit, en terselfdertyd die plaaslike bedryf broodnodig te stimuleer, sê Dekker.

"Suid-Afrika het ook *'n Slumdog Millionaire* nodig." En hoewel Bollywood, wat jaarliks 800 flieks uitrol, en Hongkong op die agenda is, is Noord-Amerika en Europa die CTFS se hoofteikens, omdat 80% lokettreffers uit Hollywood kom.

Die vervaardiger Anant Singh – al Suid-Afrikaner wat lid is van die Academy of Motion Picture Arts and Sciences – is voorsitter van die CTFS. Hy en Leon Schuster se *Mr Bones 2: Back From the Past* is met R34 miljoen die suksesvolste SA fliek nóg.

Die CTFS sal dit moontlik maak om tussen 30 en 40 internasionale flieks jaarliks hier te kan maak. "Hierdie beelde op ons grond geskiet, sal mense regoor die aarde betower," sê Dekker.

Hierteenoor kruip die plaaslike bedryf nog, wat sukkel om tien flieks 'n jaar die lig te laat sien, sê Costa Theo, 'n Suid-Afrikaanse vervaardiger van internasionale flieks.

Eddie Mbalo, hoof van die National Film and Video-stigting, sê dit sal tyd vat om die plaaslike bedryf 'n internasionale mededinger te maak.

"Ons mik na 16 tot 20 plaaslike flieks jaarliks. Suid-Afrika lei egter reeds die bedryf op die vasteland. Die regering het die rolprentbedryf as een van sy prioriteite vir groei geïdentifiseer."

■ Volgens 'n studie van die CTFS was die ekonomiese impak van die fliekbedryf in die Wes-Kaap reeds in die 2005/'06-boekjaar R2,65 miljard. Hiervan was 77% of bykans R2 miljard net van produksies in Kaapstad.

■ Sedert die departement van kuns en kultuur in 2002 R35 miljoen vir die plaaslike bedryf se ontwikkeling gegee het, is verskeie flieks internasionaal bekroon, gerugsteun deur prente soos *Tsotsi*, *Yesterday* en *U-Carmen eKhayelitsha*, wat die grondslag gelê het.

■ Die departement van handel en nywerheid het ook 'n aansporingskema op werkskepping gemik. Dit bied 'n afslag aan internasionale en plaaslike filmmakers van tot 35% op die koste van fliek- en TV-produksies hier.

Plaaslike produksies kwalifiseer vir 35% en internasionale produksies vir 15% – albei beperk tot R10 miljoen gegrond op Suid-Afrikaanse uitgawes. Teen einde 2008 het die departement 12 aansoeke vir internasionale produksies en 24 vir plaaslikes goedgekeur.

Ooreenkomste is met Kanada, Brittanje, Duitsland en Italië gesluit vir gesamentlike produksies onder die 35%-aansporing.